# BELEID

# VERVOER VAN AMPTENARE

# VERVOER VAN AMPTENARE

## 1. Beleidsriglyn

1.1 Amptenare en Raadslede sal sover dit prakties moontlik is van munisipale vervoer gebruik maak vir enige amptelike munisipale sake en uitvoering van pligte. Tydens die gebruik van amptelike vervoer sal voertuie wat gebruik word slegs deur die gemagtigde beampte / raadslid wat vir dié doel aangewys is bestuur word.

1.2 Die nodige logstaat sal ten alle tye volledig voltooi word en na afloop van die rit deur die Toesighouer / Munisipale Bestuurder nagegaan en geteken word. Staande reëls in die verband sal steeds geld.

1.3 In die geval waar amptelike munisipale vervoer nie beskikbaar is nie, en die betrokke amptenaar / raadslid oor sy / haar eie vervoer beskik, sal met die goedkeuring van die Munisipale Bestuurder gebruik van sodanige voertuig toegelaat word.
Vergoeding vir die gebruik van dié voertuig sal geskied teen die loopkoste van die betrokke klas voertuig soos bepaal binne die AA tarief.

1.4 In die geval waar privaat vervoer gebruik word sal die versekeringsrisiko vir die Raad wees, die by-betaling van enige skadevergoedingseis wat mag ingestel word in die geval van 'n ongeluk.

1.5 Sou amptenare / raadslede nie oor eie vervoer beskik nie, en van ander privaatvervoer gebruik maak, sal die werklike koste van sodanige vervoer van die Raad verhaal kan word met die voorlegging van die nodige bewyse.

1.6 In die geval waar amptenare oor 'n motorskema / essensiële gebruiker voertuig beskik, sal van daardie amptenaar verwag word om daardie voertuig ten alle tye vir amptelike doeleindes te gebruik en deurentyd in stand te hou en beskikbaar te hê.

1.7 Amptelike vervoer sal nie gebruik word om werknemers op 'n daaglikse grondslag tussen woon- en werkplek te vervoer nie. Uitsonderings wat in die verband sal geld, sal wees tydens die werk van oortyd asook die uitvoer van bystand diens.

1.8 Raadsvoertuie sal ten alle tye vir padwaardigheid geïnspekteer word voordat die voertuig gebruik word. Gebreke of defekte sal onmiddellik aangemeld word en indien moontlik herstel word voordat die voertuig gebruik word.

1.9 Sou 'n voertuig wel gebruik word nadat 'n amptenaar / raadslid 'n defek aangemeld het, en aangesê is deur die betrokke Toesighouer / Munisipale Bestuurder, om die voertuig te gebruik, sal die Raad aanspreeklik wees vir enige regskostes wat uit dié gebruik mag voortspruit.

1.10 Sou 'n amptenaar / raadslid nalaat om die nodige inspeksie uit te voer en 'n voertuig word met defekte deur die Verkeersowerheid ondersoek, of 'n ongeluksinsident sou plaasvind, sal die betrokke amptenaar / raadslid aanspreeklik gehou word vir kostes en eise wat in dié verband mag ontstaan.

1.11 Verblyfkoste word op die volgende basis aan amptenare / raadslede betaal vir amptelike reise, besoeke, kursusse, werkswinkels, vergaderings, ens. :

Die volgende tariewe sal geld :

| | | |
|---|---|---|
| Daggelde | : | R50-00 / periode korter as 24 uur |
| Uitslaapkoste | : | R150-00 / 24 uur sonder die lewering van bewyse |

Indien die koste meer as R150-00 beloop mag werklike koste geëis word tesame met die indiening van bewyse.

Addisioneel tot hierdie uitgawes word die volgende kostes ook betaal :

| | | |
|---|---|---|
| Aandete | : | R75-00 - indien uitgeslaap word |
| Ontbyt | : | R50-00 |
| Middagete | : | R50-00 - indien middagete nie tydens werksessie / kursus voorsien word nie |